NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

4 September 2020

Nagmaaldiens Sondag 6 September

Ds. Jaco Thom lei die erediens.

Skriflesing: Genesis 37

Tema: *God se pad met Jakob se mense*

Ons gaan voort met ons reeks oor Genesis, en begin vandag met die verhaal van Josef en sy broers.

LW: Jy kan by die erediens inskakel op ons webwerf, of kontak Jaco om jou op die WhatsApp-groep te sit waar die skakel na die erediens (en die hoofstuk van die dag) gereeld gelaai word.

Die kerkraad gaan (DV) Dinsdagaand besluit wanneer die kerkdienste hervat gaan word, noudat ons in vlak 2 van die inperking is.
Ons sal jou laat weet sodra ons 'n besluit geneem het.

Onthou om asseblief met die oorbetalings van Dankoffers
verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 6 September:
Fonds vir Dowes

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Augustus

29 Martie Smit
30 Francois Neethling

September

2 Niël Du Toit
5 **Anna Klok (86j)**
5 Pieter Nienaber
8 Fanus Marais
8 Pieta Terblanche
8 Adél Venter
9 Anna-marie Bornman
9 Alexander Meades
9 Attie Van Jaarsveld
10 Nihan Badenhorst
10 Jaco Swanepoel
10 Lallie Van Vuuren

Huweliksherdenking

1 Kobus & Marietjie Hugo (47j)
2 Frederik & Annemarie Marais (14j)
5 Jano & Anele Hugo (22j)
11 Pieter & Monique Nienaber (10j)

Gebedsversoeke

Japie Strauss is Donderdag in die hospitaal oorlede.
Ons vra voorbidding vir Antoinette en haar kinders, en ook vir die hele Strauss familie.

Die kerkraad vergader Dinsdagaand. Daar is belangrike sake op die agenda, o.a. die implikasies van die kerkraad se besluit om as gemeente te doleer (treur) oor die kerk se hantering van die gay kwessie. Ons het jou voorbidding hiervoor nodig.

~~~~~~~~~

GEBED BY NAGMAAL

Here God
Voor ons op die tafel is brood en wyn; 'n klein stukkie brood vir elkeen, en skaars 'n slukkie wyn. En tog is dit soveel meer – dit is Uself wat U hier voor ons kom breek en uitgiet. Want dit is nie net brood en wyn nie, dit is u liggaam, u bloed, geoffer vir ons.
Dankie, Here, vir u offer. Dankie dat U ons só liefhet.
Ons voel onwaardig dat U die hoogste prys betaal het vir ons, want ons is sondaars wat niks by U verdien nie.
Ons prys U oor u groot liefde en genade vir ons.
Seën ons dan nou wanneer ons die brood eet en die wyn drink.
~~~~~~~~~